PARENTAL ALIENATION INSTITUTE

OUERVERVREEMDING INSTITUUT

# INLEIDING

Ouer Vervreemding is een van die ergste misdade wat gepleeg kan word teenoor ‘n kind en ouer. Die ontstaan en definisie volgens Wikipedia, die vry ensiklopedie (omvattende kennis op die “google” webblad) werp meer lig hierop: In 1976 is dit eers ‘n “patologiese riglyn” (die behandeling van die aard en oorsake van siektes, siekteleer) genoem en het die term verwys na die situasie waarin ‘n kind sonder rede die ouer wat nie as voog aangestel is nie, begin verwerp en verstoot.

Dr Richard A Gardner het die terme Ouer Vervreemding (OV) en Ouer Vervreemding Sindroom (OVS) reeds in 1985 voorgestel en gebaseer op sy patologiese riglyne en sy ondervindinge met kinders van geskeide kinders.

---

## AGT SIMPTOME VAN OUER VERVREEMDING

1. Veldtog van vernedering en haat teen die geteikende ouer.
2. Swak, belaglike, kinderagtige/ligsinnige bewyse van haat en verkleinering van die een ouer.
3. Gebrek aan die gemis van die ouer wat onder verdenking is.
4. Streng oortuiging dat die besluit om die een ouer te verwerp hul eie besluit is.
5. Beywering van kind om gunsteling ouer te ondersteun (juis die ouer wat Ouer Vervreemding aanhits).
6. Die gebrek aan skuldgevoelens oor die behandeling van die ouer wat vervreemding veroorsaak.
7. Gebruik van geleende woorde en toekomsblik van die ouer wat vervreemding toepas.
8. Die afkraak/slegmaak van grootouers en vriende van die vervreemde ouer.

PARENTAL ALIENATION INSTITUTE

OUERVERVREEMDING INSTITUUT

# HOOFSTUK 4

NUWE INLIGTING 2015

Om te kan verstaan hoe 'n kind patalogies gebreinspoel word is nou onlangs weereens bevestig met die navorsing wat Dr C A Childress http://drcraigchildressblog.com/ gedoen het en nog steeds mee besig is. Aanvanklik het hy ook nie kon verstaan hoe kinders weer herenig kan word omdat daar in die afgelope 30 jaar nog nie 'n oplossing gevind kon word nie met Dr Richard A Gardner se aanvanklike navorsing. Alhoewel almal probeer het om oplossings te vind was daar nog geen konkrete bewyse gelewer deur sielkundiges.

Dr C Childress het vir Dorcy Pruter van "Conscious Co-Parenting Institute" http://www.consciouscoparentinginstitute.com/ verlede jaar 2014 onmoet om waar te neem hoe sy ouers en kinders herenig. Hy het tot die slotsom gekom dat sy die regte produk het en dat dit werk. Dus beywer hy hom nou om 'n boek saam met Dorcy Pruter te skryf sowel as om dit vir sy studente as vak aan te bied.

Hiermee sy behandelingsplan van Dorcy Pruter en ek haal aan "

***"Treatment Plan***

*"Her (Dorcy Pruter) protocol requires that the Court order a 9-month period of protective separation of the children from the pathology of the narcissistic/(borderline) parent. I understand why this is necessary and I entirely agree with the requirement.*

*With this protective separation in place, she asserts that her protocol is capable of restoring normal-range parent-child relationships in a matter of days, and based on my review of her protocol, I would agree with this assessment of the protocol's effectiveness.*

*In my view, this is the best approach for restoring children's affectionally bonded relationship with the targeted parent because of its effectiveness, its intensity, and its speed. The child's initial recovery will be fragile at first, so a continued protective separation of the child from the pathogenic pathology of the narcissistic/(borderline) parent is needed to stabilize the child's recovery."*